

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 119 8 September 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Plattelandse gasvryheid

Na Tuine, Theresapark, Meyerspark en Grootvlei (almal in en baie naby Pretoria) was dit Schweizer-Reneke se beurt om die Bondsvergadering aan te bied. Dit is deur baie gesien as 'n groot waagstuk. Die gemeente self was net een oomblik onseker. Hulle het egter met trots die uitdaging opgeneem om as gasheer op te tree by die vyfde Bondsvergadering. Daar sal in volgende uitgawes van Koersvas artikels verskyn oor die inhoud van die vergadering. Dit is net reg om erkenning te gee aan almal in Schweizer-Reneke vir die wonderlike gasvryheid wat ons te beurt geval het op die platteland.

Net die predikante-egpaar en die gemeente sal ons kan vertel van alles wat ter voorbereiding en agter die skerms aangegaan het. Hulle was darem bereid om te erken dat dit harde werk was. Al die logistiese probleme is in ag geneem en daar was duidelik deeglik beplan om te verseker dat die vergaderings sou vlot. Dit was nie net die GHG se Bondsvergadering wat in 'n goeie ruimte harde werk moes doen nie, dit was ook die Bondsdames se Maandag vergadering wat akkommodeer moes word.. Daar was ook die Bondsvergadering se

afgevaardigdes wat geakkommodeer moes word.

Die laaste groot uitdaging het gekom toe Eskom laat weet het dat daar nie krag beskikbaar sou wees vir die Maandag nie omdat die substasie opgradeer sou word. Sondag met registrasie was die begin van die finale uitvoer van al hulle beplanning. Wat 'n wonderlike produk!

Die terrein was goed versorg, die kerk en saal pragtig versier en die registrasie is vinnig en effektief afgehandel. Die erediens was 'n geleentheid om met vreugde die Here te ontmoet en Hom alleen te dien en eer. Die luisterryke aand is na 'n verwelkoming afgesluit deur gesellig saam te kuier terwyl heerlike verversing te kus en te keur beskikbaar was. Beide die ontbyte was, net soos die twee middagetes en teetyd geleenthede, tekenend van ruimhartige gasvryheid. Die eetgoed was netjies aangebied en die kos het so lekker geproe soos dit gelyk het. Daar was 'n verskeidenheid koffie beskikbaar en dit was heerlik.

Maandag se aandete- kuier was uit 'n vorige era in terme van samesyn. Onder 'n sterrehemel het die vleisbraai vure geknetter en kole gemaak. Daardie kole is gebruik om die heerlikste wors, skaaptjoppies en ribbetjies voor te berei. Pap en sous, vars

gebakte brood en konfyte, 'n heerlike verskeidenheid slaaie en gebakte poeding was ruim beskikbaar vir selfs die fieterjaanse van smulpape. Die Rautenbach egpaar het met pragtige sang onder kitaarbegeleiding 'n stemming van rus en vrede onder almal geskep. Op die groen gras het mense gesit en eet, gesit en kuier en sommer net gesit en die atmosfeer indrink.

Dit was nie net die kos wat tekenend van Schweizer-Reneke se gasvryheid is nie. Die reëlings rondom verblyf, die vriendelike ontvangs, die betroubare vervoer van die dames na hulle vergaderplek en die uitvoer van alles wat gedoen moes word, is gedoen met vriendelike bedagsaamheid. Dit is nie nodig om die heuningkwas uit te haal in die beskrywing van die gasvryheid wat almal ervaar het nie, die waarheid is voldoende.

Dit moet duidelik gestel word dat alles professioneel gereël was. Die gasvryheid was 'n bonus-ervaring wat net weer die platteland in ons almal se harte laat inkruip het. Dit was 'n goeie besluit (ses jaar gelede) om die GHG se Bondsvergadering elke jaar by 'n volgende gemeente aan te bied. Ons was nog elke keer aangenaam verras deur die ontvangs en reëlings van ons gemeentes. Dankie Schweizer-Reneke, dit was voortreflik om by julle te kuier.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

PROF PONT 90

Pont word DV op 21 September, 2017 90 jaar oud. Die kerkraad van Hervormde Kerk Meyerspark wil belangstellendes graag uitnooi om hierdie mylpaal saam met Prof. Pont en sy gade te kom geniet.

Datum: Sondag, 17 September 2017

Erediens-tyd: 11:00

U word versoek om asb. vooraf te bevestig indien u die verrigtinge wil bywoon:

Hervormde Kerk Meyerspark

012 803 7528/9 / 071 889 2175

hkm@geloofsbond.org.za

BONDSDAMESBYEENKOMS SCHWEIZER-RENEKE MAANDAG 4 SEPTEMBER 2017

OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

REFORMASIE 500

Tydens die afgelope Bondsvergadering, was melding gemaak dat Bondgemeentes in samewerking met ander kerke, hul kerkklokke sal lui op 31 Oktober 2017 om 07:00. Dit sal wyd en syd geskied en kerkklokke sal wêreldwyd beier.

Pretoria FM sal op 31 Oktober bydra tot die viering van die Reformasie se 500-jarige bestaan. Op die datum sal tydens die oggend oordenking 7-voor-7 om 06:59 die klockelui vanaf die Gereformeerde Kerk Pretoria op die sender netwerk uitgesaai word. Kerke en gemeentes van Kaapstad tot Upington, van Pretoria tot Perth word genooi om daaraan deel te neem. Laat die klokke beier!

REFORMASIE 500 - BOEKMERK

Die GHG het ook besluit om 'n ekstra boekmerk te laat druk om die geleentheid te herdenk. Gemeentes wat nie bestellings geplaas het nie, moet betyds met *Teamwork Printers* kontak maak om vroegtydig u bestellings te plaas.

LEWENSBROOD 2018

Lewensbrood 2018

Liewe lidmate en gemeentes

Dit is al weer tyd om u bestellings vir LEWENSBROOD 2018 - 2019 te plaas.

Hierdie boek het 'n gewilde Kersgeskenk geword en ons beplanning is van so 'n aard dat ons die produk vroeg Desember wil afstuur. Enkele sake moet onder u aandag gebring word:

- Dit gaan R 100 per eksemplaar kos.
- Bestellings moet voor of op 16 Oktober 2017 geplaas word by Ella ella@geloofsbond.org.za of ella@teamworkprinters.com
- Bestel genoeg eksemplare. Ons kry jaarliks versoeke vir nog eksemplare. Die koste verbonde aan die herdruk van die boek is meer as dubbel (ongeveer R280-R320)
- U moet verkieslik by bestelling reeds betaal vir u eksemplare.
- Ons gaan geen LEWENSBROOD aanstuur sonder bewys van betaling nie.
- U word vriendelik versoek om u **betalings te maak aan die GHG.**

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

- Dui duidelik aan dat die betaling vir Lewensbrood is verwysing LB2018. Die klein winsie wat ons maak, is net genoeg om die fooie verbonde aan die Internet (webwerf en Bakkiesblad) te dek.

- Bewys van u betaling moet aan Ella gestuur word vir kontrole-doeleindes.

ella@geloofsbond.org.za of

ella@teamworkprinters.com

Ons sien uit daarna om weer 'n kwaliteit produk aan ons getroue lesers te stuur.

Dr Johan Otto

Voorsitter Media komitee.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Dit sluit in ds Hardie se preek tydens die GHG opening. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **prek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se jaarlikse fondsinsamelings is ten bate van ons teologie studente. Loojtjies is beskikbaar by u eie gemeente. 'n Bedrag van R20 300 is vir 2017 ingesamel en word gebruik om Teologie studente te ondersteun. Baie geluk aan Theresapark gemeente wat die 2017 kwilt gewen het.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Loojtjevorms is beskikbaar

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

UITNODIGING: BASAAR

SUIKERBOSRAND, 30 September 2017

Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnood om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.

Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merzstraat Heidelberg en begin reeds om 08:00.

Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuks.

'n Pen gemaak vanuit hout en been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.

Daar is uitstallings van verskillende maatskappye wat insluit: sonkragtoerusting, elektrisiteitbesparing, water suiwing en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.

Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg, braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.

Vars gebakte brood op die terrein gebak !!
U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.

Vriendelike groete,
Nico van Huyssteen
Skriba

Hervormde Kerk Suikerbosrand

Lewensbrood

Prys: R100-00

Keerdatum: 16 Oktober 2017

Bestellings asook betalings vir die Lewensbrood moet by die kantoor gemaak word.